

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 12, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2012 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Pas op vir valse profete!

Dit is aan die *kom*. Dit kom **spoedig**. U Bybel wys duidelik dat 'n **vlaag** van *vals profete* na vore sal kom aan die einde van hierdie tydvak!

Hierdie eiesinnige, ydel manne mag selfs die lewens van duisende van u, *Wêreld van Môre* intekenaars, beïnvloed, **indien** u toelaat dat dit gebeur. Ons in hierdie Werk het u by herhaling die ware “weg” van lewe geleer wat Jesus Christus Sy eie dissipels geleer het. Ons het – *heeltemal gratis* – miljoene tydskrifte en boekies uitgestuur wat die tien gebooie verduidelik en *hoe* om dit met God se hulp te onderhou. Ons het u by herhaling aangemoedig om die “Oorspronklike Christenskap” van Jesus Christus en die Apostels in u lewe in te sluit – alles gebaseer op gehoorsaamheid aan die wet van liefde en God se **weg**.

Met verloop van tyd sal baie vals leraars egter na vore kom en probeer om opregte mense weg te lei van die ware Werk van God. Dit was *altyd* so. Die apostel Paulus moes die ouderlinge van Korinthe waarsku: “Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan” (Handelinge 20:29-30). Jesus Self waarsku ons: “Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne

roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! ... So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken” (Mattheüs 7:15-16, 20).

Dink!

Wat is die “vrugte” – die **gevolg** – van opregte mense wat geleer word om die voorbeeld van Christus en die oorspronklike Apostels te volg? Dit is mense wat werklik probeer om mekaar asook hulle medemense lief te hê en te dien. Dit is mense wat die Skepper God **lief het** en vreugdevol Sy weeklikse Sabbatte en Sy jaarlikse Heilige Dae onderhou en – deur Christus wat in hulle leef – volgens die weg van die Tien Gebooie wandel.

In teenstelling hiermee, wanneer 'n gees van twyfel en ontmoediging onder God se mense gesaai word, dikwels oor klein en betwiste “tegniese punte” van profesie of chronologie, is die “vrugte”, – die *gevolg* – **nie** goed nie. Die apostel Paulus waarsku Timótheüs om “suiwer leerstelling” te beklemtoon. Hy het aan Timótheüs gesê: “Soos ek jou versoek het toe ek na Macedonië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie, en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is. Maar die doel van die

gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof" (1 Timótheüs 1:3-5).

Alle ware leerstellings verwys na God se gebooi wat op liefde (vers 5) en diensbaarheid gegrond is. Alle ware leraars van Jesus Christus beklemtoon *daardie* benadering – *daardie* manier van lewe. Ware leraars van Christus verootmoedig hulle self en probeer op elke manier om God se mense te bemoedig en te dien. In sy laaste brief – soos geboekstaaf in die Bybel – sê die apostel Petrus aan die ouderlinge oor wie hy toesig gehad het, om “**nie** as heersers oor die erfdeel nie, maar as *voorbeelde* vir die kudde” te dien (1 Petrus 5:3). Dan gaan Petrus voort: “Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal *met ootmoed bekleed* in onderdanigheid aan mekaar, want **God** weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd” (verse 5-6).

In die Apostels se tyd, toe een van die oorspronklike *vals* apostels begin het om mense te mislei, boekstaaf u Bybel dat hierdie man rondgegaan het “deur te sê dat hy iets **besonders** was” (Handelinge 8:9). Uiteindelik sal die **finale groot opstand** teen God gelei word deur 'n ydel, eiesinnige man, “wat hom verhef bo al wat

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Pas op vir vals profete?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Hoe sou Jesus vir 'n President stem? 3

Ware Christene is diegene wie Christus se voorbeeld volg. Hoe sou Jesus Self die komende verkiesing benader? Die antwoord mag u verras!

Ná die Derde Wêreldoorlog 8

Die Tweede Wêreldoorlog het meer as 60 jaar gelede geëindig, maar die Derde Wêreldoorlog mag gouer kom as wat baie mense verwag. U Bybel voorspel egter goeie nuus ná die moeilikhede wat voorlê!

Môre se Jeug 13

“Hy gee aan Sy bemindes slaap”.

Die wêreld na Amerika 15

Antieke geskiedenis, opgeteken in u Bybel, bevat belangrike inligting aangaande die geprofeteerde verval van die Verenigde State van Amerika en die nasies van Britse afkoms. Is u voorbereid daarop?

Hitte, hamer, aambeeld 20

Is God besig om u karakter te vervolmaak deur toetse en beproewings?

Waak en waarsku 21

Is demokrasie die antwoord?

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Hoe sou Jesus vir 'n President stem?

Deur Roderick C. Meredith

Wie kan ons lei uit die moeras van ons vinnig-vervallende sedes, ons onsekere ekonomie en die toenemende spanning in ons samelewing? Terwyl die Verenigde State voorberei om 'n President te kies, hoe sou ons Verlosser reageer het? Hoe behoort ons as Christene te reageer? Hoe behoort ons die verkiesingsproses te bejeën?

Oral om ons beklemtoon die Amerikaanse presidensiële verkiesingsproses die diep verdeeldheid tussen Amerikaners. Wyd uiteenlopende menings bestaan oor wat die nasie behoort te wees. "Wanneer Amerikaners November 2012 koers kry na die stembusse, sal hul waardes en basiese oortuigings meer gepolariseerd wees volgens partydige lyne as op enige ander tydstep in die afgelope 25 jaar". So sê die gerespekteerde *Pew Research Center*, in 'n onlangse ontleding van die Amerikaanse 2012 presidensiële verkiesingsveldtog ("*Partisan Polarization Surges in Bush, Obama Years*", 4 Junie 2012).

"Waardes" en kwessies van godsdiens bly 'n belangrike bron van kommer vir Amerikaners wat hul president wil kies. Die *Gallup*-organisasie het Amerikaners se menings vroeër die somer gepeil en bevind dat 11% glo dat President Obama 'n Moslem is, hoewel die President by herhaling gesê het dat hy as jong volwassene 'n Christen geword het ("*Many Americans Can't Name Obama's Religion*", 22 Junie 2012). In teenstelling hiermee het 57% Mitt Romney korrek geïdentifiseer as 'n

Mormoon. Baie Romney-ondersteuners het moeite gedoen om hul kandidaat se geloof te verdedig as "net so Christelik" as enige ander vorm van die belydende Christelikheid. Intussen, hoewel President Obama homself beskryf as 'n Christen, het hy deurgaans sy siening van 'n pluralistiese Amerika waarin geen spesifieke godsdiens bevoordeel word bo enige ander nie, beklemtoon.

God beveel beslis Christene aan om bedag te wees op wêreldse tendense, om te "waak" vir die tekens van die tye (Lukas 21:34-36). Hy beveel ons om respek te betoon aan en selfs te bid vir die verkose en aangestelde regeringsamptenare wat in beheer is van ons nasies (1 Timótheüs 2:1-4; 1 Petrus 2:17-18). Behoort enige een van die groot party-kandidate egter aanspraak te maak op die getrouheid van Christene in Amerika? Indien wel, watter een? Waarom, of waarom nie?

Maak dit saak? Wat moet ons doen?

Eerstens, laat ons vra: "Maak enigiets hiervan *regtig* saak?" 'n Onlangse *Pew Research Center* opname het bevind dat hoewel 63% van die Amerikaanse

kiesers sê dat dit "regtig saak maak" watter kandidaat die verkiesing in November wen, is slegs 56% "baie tevrede" of "redelik tevrede" met hierdie verkiesing se presidensiële kandidate. Dit is die laagste meting op die tevredenheidskaal sedert die 1996 presidensiële verkiesing. Sewe-en-vyftig persent van die respondente het gesê hulle sou graag wou sien dat 'n derde groot party na vore moes tree as alternatief ("*Obama Better Liked, Romney Ahead on Economy*", 21 Junie 2012).

Dus, te midde van al die "moddergooiery" en die omstrede heen en weer rondgeslinger van beskuldigings, wat moet ware Christene doen? Hoe moet ons reageer? Belangriker nog, *hoe sou Jesus Christus reageer het in hierdie politiekgelaaide atmosfeer?* Ons behoort almal te besef dat ware Christene diegene is in wie Christus leef deur die krag van die Heilige Gees. Die apostel Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in [van] die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20).

'n Ware Christen moet leer om te leef soos Jesus Christus werklik geleef het – nie soos so baie mense hul verkeerdelik **voorstel** hy *dalk* sou geleef het nie. Jesus sê Self aan ons: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Die werklike antwoord oor hoe ons behoort te leef en te funksioneer in 'n demokratiese nasie, kan gevind word in die Bybel – die geïnspireerde Woord van God. Ons moet die “gesindheid van Christus hê” (Filippense 2:5). Die Bybel is die openbaring van die denke, die gesindheid van God – wat aan ons sê hoe die Vader en Jesus Christus werklik dink oor die basiese kwessies van die lewe.

Reg deur die afgelope somer was Amerikaners verswelg deur boodskappe wat die kiesers aangespoor het om die een of ander kandidaat te ondersteun. Wanneer ons na die manne kyk wat president kan word, vra ons onself af: “Dink hy werklik hy is opgewasse om die wêreld se enigste supermoondheid te lei? Dink hy dat enige *menslike wese* opgewasse is vir die taak?”

Waar is *God* in al hierdie dinge?

Van die begin af het menslike wesens probeer om hulself te regeer sonder God se direkte leierskap. Die meeste belydende Christene besef nie eens wat Jesus Christus met regering te doen het nie. Hulle is baie meer vertel van die “klein Here Jesus, ver weg in 'n krip”, as wat hulle geleer is van die

Bybelse Jesus Christus wat nou aan die regterhand van God in die hemel staan (Handelinge 7:55-56). Die werklike Christus sal binnekort terugkeer in majesteitlike glorie as die letterlike Koning van konings oor die hele aarde! Hierdie Jesus is aan die meeste mense heeltemal onbekend.

Onthou, baie min belydende Christene besef dat *Jesus se evangelie gegaan het oor 'n toekomstige wêreldregering*. Een van die mees slimste Sataniese misleidings wat nog ooit versprei is, behels dat Jesus Christus se boodskap hoofsaaklik oor Homself gegaan het. Die beginpunt van ware Christenskap is die aanvaarding van die gestorte bloed van Jesus Christus (Romeine 5:8-11) na werklike – wat selde ooit vermeld word – **berou tot bekering van sonde** (Handelinge 2:38-39). Jesus se belangrikste boodskap – die Evangelie wat Hy verkondig het – is gesentreer om wêreldregering en die gewilligheid van elke mens om homself werklik te onderwerp aan God en uiteindelik deel van Sy goddelike gesin te word. Hierdie goddelike regering sal binnekort oor die hele aarde *heers* (Openbaring 12:5)!

Wie heers oor die huidige wêreld?

Alhoewel baie mense mislei is om te glo dat hierdie nou God se wêreld is, vertel die Bybel ons iets heel anders. Die apostel Johannes was geïnspireer om te skryf: “Moenie die wêreld liefhê

of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie” (1 Johannes 2:15).

Tydens Jesus Christus se versoeking is Hy na 'n berg geneem en al die heerlikheid van al die koninkryke van hierdie wêreld getoon: “En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee [om te regeer] en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil” (Lukas 4:6).

Het Jesus Satan weersprek en aan hom gesê dat hy *nie* in beheer is van al die koninkryke van hierdie wêreld nie? Nee, Hy het nie. Jesus het eerder, ná aan die einde van Sy bediening, op hierdie wyse van Satan gepraat: “Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Johannes 12:31). Net soos Hy ook gesê het: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie, *want die owerste van hierdie wêreld kom, en het aan My niks nie*” (Johannes 14:30).

Later skryf Paulus: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:3-4). Satan die duiwel is die onsigbare heerser – die “god” van hierdie wêreld, wat ongeveer 6,000 jaar van die mens se geskiedenis sedert die

skepping van Adam dek. Hierdie tydperk sal egter eindig met die wederkoms van Jesus Christus as die Koning van die konings! God het Paulus geïnspireer om aan ons te openbaar dat Satan die "... owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" is (Efesiërs 2:2). Die onsigbare geestelike heerser – die owerste – oor hierdie wêreld se samelewing, is in werklikheid Satan die duiwel!

Nietemin, die ware Skepper God gryp in wanneer dit nodig is om Sy doel te bereik. In Galasiërs 1:4 leer Paulus ons van Christus "wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld ...". Egoïstiese mense wat egter glo dat hulle alles weet, is in werklikheid onbewus daarvan dat hulle onder die kragtige heerskappy van die onsigbare Satan is. Hulle dink dat hulle idees aangaande die samelewing en regering – dikwels lynreg in teenstelling met dié van God – sin maak. God sê egter: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12).

Satan *mislei* hierdie wêreld op duisende verskillende maniere! In die boek van Openbaring, kon Johannes 'n geestelike oorlog vooruitsien: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei [*mislei*], hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met

hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

Later onthul God aan ons dat met die aanvang van Christus se heerskappy op die aarde, Satan in die afgrond gewerp sal word en toegesluit en verseël sal word, "sodat hy die nasies nie meer sou verlei [*mislei*] totdat die duisend jaar voleindig is nie" (Openbaring 20:3). Die Bybel maak dit baie duidelik dat hierdie huidige samelewing aan Satan behoort. Eerder as om werklik God se wil na te streef, is die hedendaagse beskawing gebaseer op ydelheid, wedywering, misleiding en blatante bedrog.

Jesus het aan Pontius Pilatus gesê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Johannes 18:36). Dit is duidelik dat Jesus geen voorneme gehad het om te probeer betrokke raak in hierdie wêreld se politiek en oorloë nie. Hy het 'n ander wêreld, 'n ander regering – die Koninkryk van God – verteenwoordig. Daarom sou Jesus beslis nie probeer het om hierdie wêreld te herorganiseer en betrokke te raak in 'n leuenagtige, knoeiende, politieke stelsel onder die mag van Satan die duiwelnie!

Opleiding om konings te wees

Heel moontlik nog binne hierdie *einste geslag* sal die Bybelse Jesus Christus

terugkeer om op 'n werklike troon te sit in die stad Jerusalem. Sy regering sal oor die hele aarde gevestig word – 'n *letterlike regering* bemaagtig deur die Almagtige God, en onder die beheer van die Koning van die konings en die Here van die here (Openbaring 19:15-16). Wat sal Jesus se volgelinge – die ware heiliges van God – dan doen? "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (1 Korinthiërs 6:2-3). In die volgende paar verse gaan Paulus voort om uit te brei oor hoe die Christene in Korinte veronderstel was om te leer hoe om God se regering in die Kerk toe te pas deur probleme onder hulleself, korrek te "oordeel". Van Genesis tot Openbaring is 'n posisie in God se regering nog altyd deur aanstelling gevul – *nooit* deur politiekery of om andersins aan mense beloftes te maak, met die hoop om hul stemme te koop nie. Dit was in hierdie konteks dat Paulus kon vra: "As julle dan alledaagse regsake het, [waarom] moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word" (vers 4).

Christene is tans in opleiding om konings en priesters te wees in die komende Koninkryk van God. Jesus sê: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,

en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27). Ons behoort dus ons menslike weë en menslike selfsugtigheid te oorwin – ons behoort te leer om God se regering toe te pas. Let op hierdie "gebed van die heiliges" in Openbaring 5:9-10: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en *ons sal as konings op die aarde heers*". Dit is duidelik, die ware heiliges van God sal binnekort heerskappy hê – **nie** bo in die hemel nie, maar *op hierdie aarde!*

Bestudeer noukeurig die gelykenis van die ponde in Lukas 19:11-27. Hier word Jesus uitgebeeld as sou Hy na die hemel gaan om Sy Koninkryk te ontvang en dan weer terug te kom. Wanneer Christus terugkeer, beloon Hy Sy dienaars volgens hoe goed elkeen gedoen het deur sy God-gegewe tyd, talente en wysheid te gebruik in diens van God. Watter beloning het Christus Sy getroue dienaars gegee? "En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg, omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede" (vers 17). Wat egter van die dienaar wat slegs vyf ponde bygekry het? "En Hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede" (vers 19).

Sien u enige aanduiding van politiekery of stemmery hier? Nee gladnie. Dit is liewer slegs nog 'n skriftuurlike voorbeeld om aan Christene duidelik te maak dat die beste vorm van regering – God se regering – op geen wyse gebaseer is op menslike politiekery, kompromie, knoeiery en die vorendag kom met halfgebakte oplossings vir ons probleme nie.

Jesus sê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie" (Johannes 18:36). Hy sou Homself beslis nie verneder het om deel te wees van hierdie wêreld se verkeerde benadering tot regering nie. Trouens – deur aan ons 'n *voorbeeld te stel* – het Jesus Christus in Sy menslike bediening *nooit* enige toenadering gesoek by die menslike leiers van Sy tyd nie, Hom nooit bemoei met enige politieke veldtog en Sy volgelingen **nooit** geleer om te probeer om die politieke situasie of die menslike regerings van Sy tyd te probeer verander nie!

Christus sal ferm handel met die konings van hierdie wêreld *wanneer Hy terugkeer*: "Maar in die dae van dié konings [die owerhede onmiddellik voor Christus se wederkoms] sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (Daniël 2:44).

Later in Daniël beskryf God duidelik hoe die ware heiliges,

met die Messias se wederkoms, heerskappy gegee sal word – onder Christus – oor *al* die regerings van hierdie aarde. "Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees" (Daniël 7:27).

Christene en vandag se regerings

Alhoewel Jesus Christus nie aktief deelgeneem het aan die regerings van hierdie misleide wêreld nie, het Hy tog aan ons 'n voorbeeld gestel van gehoorsaamheid aan siviele wette en betoning van respek aan die ampsdraers. Die Fariseërs het na Jesus gekom om Hom te vra aangaande betaling van belasting, Sy antwoord was: "Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom" (Mattheüs 22:21).

God het Paulus geïnspireer om te skryf: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan, en die wat dit weerstaan; sal hulle oordeel ontvang" (Romeine 13:1-2). Paulus verduidelik dan ook verder: "Want daarom betaal julle ook belastings, want hulle is dienaars van God wat juis

hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan wie belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom” (verse 6-7).

Paulus sê aan ons om te bid vir diegene wat in posisies van gesag is. “In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid” (1 Timoteus 2:1-2).

Waaragtige Christene – wat die Kerk uitmaak (Grieks *ekklesia*, letterlik diegene wat “uitgeroep is”) – is soos buitelandse ambassadeurs. “Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus” (Filippense 3:20).

'n Aantal jare gelede het ek die geleentheid gehad om waar te neem as adjunk-kanselier van 'n klein kollege naby Londen, Engeland. As gevolg hiervan en ander verantwoordelikhede, het ek 'n aantal belangrike onthale in Londen en aan huis van die Amerikaanse ambassadeur aan Haar Majesteit se regering, bygewoon. By twee van hierdie geleenthede, het ek die Amerikaanse ambassadeur ontmoet.

Dit word van die Amerikaanse ambassadeur aan Brittanje – of vir dieselfde prys, enige ander regering – verwag om gehoorsaam te wees aan die wette van die land waarin hy of

sy woonagtig is, om die owerhede te respekteer en eer te betoon aan wie eer toekom. By die twee geleenthede toe ek *Winfield House* – die ambassadeur se ampswoning – besoek het, is 'n heildronk ingestel op die Koningin. Almal het opgestaan en hul glase gelig ter ere van die minsame dame wat nog steeds vors is oor die Britse volk. By elke geleentheid het die Amerikaanse ambassadeur – Elliot Richardson in een geval en Walter Annenberg in die ander – gedeel in die heildronk. Om hierdie soort respek te betoon aan persone in gesagsposisies, reflekteer duidelik die gesindheid wat God wil hê ons almal moet hê. Dit word sekerlik van ons verwag om ons belastings te betaal en al die wette van die land te gehoorsaam, solank as wat hulle ons nie verplig om teen God se wet te gaan nie. Natuurlik, indien een of ander totalitêre regering ons ooit sou probeer verplig om direk aan die hoër wette van die Almagtige God ongehoorsaam te wees, dan moet ons die geïnspireerde voorbeeld volg van die Apostels wat gesê het: “Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense” (Handelinge 5:29). Selfs dan, indien ons besluit om in daardie land aan te bly, moet ons verwag om enige boete of straf wat sodanige owerhede mag oplê, te dra – om **in geloof** na God op te sien om vir ons te sorg (vgl. Daniël 3).

Soos Paulus egter skryf, ons is “**gesante** [ambassadeurs] van Christus” (2 Korinthiërs

5:20). Ons behoort met liefde en respek teenoor alle mense op te tree – insluitende diegene in politieke posisies. Ons behoort egter altyd te onthou dat ons werklike burgerskap *nie* in of van die regering van hierdie Satan-geïnspireerde samelewing is nie! Hoewel ons ander mense van diens moet wees en goed moet doen op 'n individuele basis, kan of mag ons nie betrokke raak in militêre of politieke pogings om Satan se misleide wêreld te herorganiseer of op te ruim nie. *Die hele stelsel self is nie God se stelsel nie!* Hy laat slegs toe dat misleide mense hul eie gang gaan en eksperimenteer met verskillende tipes van regering tydens hierdie huidige 6,000 jaar van menslike ervaring.

Paulus skryf: “Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige” (2 Korinthiërs 6:14-15). Wanneer Hy na die godsdienst-politieke stelsel verwys wat die grootste deel van die ontwikkelde wêreld sal oorheers ten tye van Jesus Christus se wederkoms, beveel God Sy volk: “En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:4).

Vervolg op bladsy 12

Ná die Derde Wêreldoorlog

Deur Richard F. Ames

Ons leef in gevaarlike tye. Daar is probleme in die toekoms. Daar is egter goeie nuus na afloop van die moeilike tye!

Ons planeet het in die vorige eeu twee verwoestende wêreldoorloë beleef waarin miljoene mense gesterf het, soldate sowel as burgerlikes. Ramings dui daarop dat in die Tweede Wêreldoorlog alleen meer as 40 miljoen burgerlikes omgekom het, tesame met meer as 20 miljoen soldate.

Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog het streekoorloë verdere miljoene lewens geëis. Vandie "slagvelde" van Kampuchea tot die bebloede woestyne van die Soedan, is lewens verloor namate mense probeer het om beheer te verkry oor nasies.

Sal daar 'n Derde Wêreldoorlog wees? Indien wel, wat sal dit doen aan ons planeet? Fisikus en Nobelpryswenner Albert Einstein het dit uitstekend gestel: "Ek weet nie met watter wapens die Derde Wêreldoorlog geveg sal word nie, maar die Vierde Wêreldoorlog sal met stokke en klippe geveg word".

Hoe ernstig is die bedreiging van wêreldoorlog en wêreldwye vernietiging? Baie sekulêre kenners glo die bedreiging is werklik, en dit is aan die toeneem. Op 10 Januarie 2012, het *The Bulletin of Atomic Scientists* 'n aankondiging uitgereik aangaande sy simboliese oordeelsdag-horlosie: "Dit is vyf minute voor middernag. Twee jaar gelede het dit gelyk of die

wêreldleiers die ware globale bedreigings wat ons in die gesig staar, mag aanspreek. In baie gevalle is dié tendens nie voortgesit of omgekeer nie. Om daardie rede het *The Bulletin of the Atomic Scientists* die minuutwyser van die horlosie een minuut nader aan middernag geskuif, terug na waar dit was in 2007".

U Bybel onthul dat nog 'n wêreldoorlog voorlê. Dit waarborg ook dat – ná hierdie oorlog van ongekende afmetings – daar 'n nuwe beskawing sal wees wat vrede en harmonie na al die wêreld se nasies sal bring. Ja, kommerwekkende tye lê voor, maar daar is hoop vir die toekoms van planeetAarde.

Die meeste mense sal sê dat hulle wêreldvrede begeer. Die geskiedenis het nogtans getoon dat die mens nie die weg na vrede **ken** nie. Nasies gaan voort om moderne tegnologie aan te wend om meer wapens van massavernietiging uit te vind. Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was die Verenigde State die planeet se onbetwiste supermoondheid. Die atoomtydperk het in 1945 begin, op 6 Augustus, toe Amerika die eerste atoombom ooit op die stad Hiroshima in Japan laat val het. Die geprofeteerde eindtydse era van massavernietiging het toe begin. Eindelik het die Sowjet-Unie sy eie atoombom laat

ontploff; en nou is ten minste nege lande, sover bekend, in besit van kernwapens.

Kan die mensdom die wêreld se konflikte, oorloë en probleme oplos? U Bybel gee die antwoord. Die apostel Paulus haal die profeet Jesaja aan: "... en die weg van vrede ken hulle nie" (Romeine 3:17). Hoekom nie? "Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (vers 18).

Geen nasie het **konsekwent** eerbied en liefde vir die Skepper van alle nasies getoon nie. Sonder God, het hulle nie die weg na vrede geleer nie! Die Skepper van al die volke openbaar in sy Woord, die Bybel, die **ware weg** na vrede: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter" (Psalm 127:1).

Vandag gaan nasies regoor die wêreld voort om God te verontagsaam en te **verwerp**. Namate die wêreld worstel met die wêreldwye finansiële krisis, namate ons profetiese gebeure sien wat aanleiding gee tot die Derde Wêreldoorlog en daarná, behoort ons die weg na individuele vrede te ken, asook die belofte van wêreldvrede – soos belowe in u Bybel! Onthou dat die Messias, Jesus Christus, die Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God verkondig het. "En nadat Johannes oorgelewer was, het

Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Die woord “*gospel*” kom van 'n ou Engelse uitdrukking wat “goeie nuus” aandui. Christus se goeie nuus is dat die mensdom se weg van selfsug, sonde en vernietiging, vervang sal word deur God se weg van vrede en voorspoed. Jesus leer ons om te bid: “Laat u koninkryk kom” (Mattheüs 6:10). God se Koninkryk sal binnekort na hierdie aarde kom, waarin Jesus Christus Self – die Prins van Vrede – oor die planeet Aarde sal heers en die hele mensdom die pad na vrede en welvaart sal leer. U Bybel beskryf die heerlijkheid van die komende millennium, 'n duisend jaar van vrede op aarde. Die Messias, Jesus Christus, sal terugkeer na Jerusalem, wat die hoofstad van die planeet Aarde sal word. “So sê die Here: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaar: Die heilige berg. So sê die Here van die leërskaar: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit – elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel” (Sagaria 8:3-5). Ja, die bejaardes sal nie langer die

slagoffers van mishandeling wees nie en die jongmense sal in veiligheid woon.

Plase sal floreer en met volhoubare landbou sal dit oorvloedige oeste oplewer. Lees hierdie inspirerende profesie: “Kyk, die dae kom, spreek die Here, dat die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaiër; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorfloei sal wees. En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die Here jou God” (Amos 9:13-15).

Ja, ons besoedelde planeet sal hernu word – maar nie deur selfs die beste pogings van die mensdom nie. Watter lesse het die mens geleer gedurende die laaste 6,000 jaar van oorlog, konflik, lyding en dood? Het ons die weg na vrede geleer? Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die Amerikaanse President Woodrow Wilson 'n Volkerebond voorgestel wat sou saamwerk vir vrede. Na die Tweede Wêreldoorlog, in 1945, is die Verenigde Nasies gevorm met dieselfde doel. Die Volkerebond het egter misluk, nog minder het die 192 lid-lande van die VN die weg na blywende vrede in die wêreld gevind. Inteendeel, toe historici Will en Ariel Durant ons

rekord van oorlog en vrede nagevors het, het hulle tot die volgende slotsom gekom: “In die laaste 3,421 jaar van opgetekende geskiedenis het slegs 268 jaar geen oorlog beleef nie” (*The Lessons of History*, bl. 81).

Toe *The Bulletin of the Atomic Scientists* sy waarskuwing verlede Januarie uitgereik het, het die verklaring 'n ontnugterende aanmaning ingesluit: “Die wêreld het steeds ongeveer 19,500 kernwapens, genoeg slaankrag om die aarde se inwoners verskeie kere oor te vernietig”. Sal die mensdom die selfbeheersing hê om te kies om hierdie wapens nie te gebruik nie? Jesus Christus het voorspel dat Sy wederkoms noodsaaklik sou wees om die mensdom van hulself te red. Hy waarsku aangaande die eindtyd: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheüs 24:22).

Hoe sal ons weet ons is in “daardie dae”? Jesus het 'n belangrike teken gegee: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom” (Mattheüs 24:14). U het daardie Evangelie gelees in hierdie tydskrif. Dit is die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God op hierdie aarde.

Dink 'n bietjie aan 'n ander belangrike teken wat Jesus gegee het wat Sy naderende wederkoms na die planeet

Aarde sal aandui: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet dié wat in Judea is, na die berge vlug” (Mattheüs 24:15-16). Ons behoort bedag te wees op die tekens van die tye. Die eindtydse gruwel van verwoesting sal uitgevoer word onder die gesag van die Antichris. “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbedding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:3-4).

Die “Olyfbergprofesie” van Mattheüs 24 – so genoem omdat Jesus dit op die Olyfberg uitgespreek het – onthul drie bykomende belangrike tekens, wat sal plaasvind oor 'n drie-en-'n-half jaar tydperk voor Christus se wederkoms. Hierdie tekens kan verstaan word in die konteks van die boek van Openbaring, wat hulle ook beskryf. In volgorde is hulle, die Groot Verdrukking, die Hemelse tekens en die Dag van die Here. Terwyl hierdie tekens ontvou, sal Jerusalem vir 42 maande vertrap word deur die heidene (Openbaring 11:2). Die twee getuies sal vir 1,260 dae profeteer (Openbaring 11:3). Die “Filadelfiese” oorblyfsel van God se Kerk sal na 'n plek van

veiligheid in die woestyn geneem word (Openbaring 12:14). Reg deur hierdie 42 maande, sal die Diermoonheid voortgaan om sy outoriteit uit te oefen oor die nasies van die aarde (Openbaring 13:4-5).

Na aan die einde van hierdie geprofeteerde tydperk, sal die laaste van die sewe basuine in die hemel weerklink. Onthou dat die jaarlange Dag van die Here sal bestaan uit sewe “basuin”-plae waartydens God Sy oordeel oor die nasies sal vel. Die laaste drie basuine sal belangrike fases van “die Derde Wêreldoorlog” inlui, namate die wêreld se leërs saamtrek onder beheer van die Dier, in direkte teenstand teen die ware God. Die sesde basuin sal 'n **massiewe militêre aanval** aankondig wanneer Oosterse magte sal opmars na die Midde-Ooste: “En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel bors-harnasse. En die koppe van die perde was soos leeu koppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plae is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het” (Openbaring 9:16-18).

Dit is 'n beskrywing van “w a p e n s v a n m a s s a - v e r n i e t i g i n g” wat een-derde van die mensdom sal vernietig. So

aaklig en tragies as wat die miljoene sterftes tydens die Eerste en Tweede Wêreldoorloë was, sal hierdie gebeure byna onbeduidend wees in vergelyking met die komende verwoesting van die Derde Wêreldoorlog. Daar sal egter hoop wees in die voorsienbare toekoms. Neem kennis van die aankondiging van die sewende basuin. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Ware Christene se gebede vir God se koninkryk om te kom, sal beantwoord word! Die terugkerende Koning, Jesus Christus, sal die finale oordeel vel oor planeet Aarde se oorlogvoerende nasies. Die sewende basuin van Openbaring bestaan uit die sewe laaste plae. Die apostel Johannes stel hierdie plae só bekend: “En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig” (Openbaring 15:1). Onthou dat die Dag van die Here die tydperk is van die Lam se oordeel en toorn oor die nasies. In Openbaring 6:17 word dit “die groot dag van sy toorn” genoem.

Ongelooflik, maar die wêreld se militêre magte sal saamstaan om teen die terugkerende Christus te veg. Die weermagte sal bymekaarkom by

Har Megiddo (Hebreeus vir “Megiddo-berg”), ook bekend as “*Armageddon*” (Openbaring 16:16). “Die konings van die aarde en die hele wêreld” (vers 14) sal dan opmars na Jerusalem. Hulle sal egter nie opgewasse wees teen die Koning van die konings en Sy leër nie. “En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:14-16).

Hierdie gewelddadige stryd tussen goed en kwaad sal eindig met Christus se wonderbaarlike oorwinning. Hy sal die valse profeet en die Dier gooi in 'n poel van vuur wat met swawel brand (Openbaring 19:20). God sal 'n engel stuur om Satan, die duiwel, te bind en hom in die afgrond te gooi vir 'n duisend jaar lank (Openbaring 20:1-3). Wanneer dit gebeur het, sal die terugkerende Jesus Christus seëvierend 'n einde maak het aan die Derde Wêreldoorlog.

Ná die Derde Wêreldoorlog sal die planeet Aarde 'n tydperk binnegaan wat bekend staan as die “millennium” – 'n duisendjarige tydperk waartydens vandag se ware Christene saam met Jesus Christus sal regeer. Dit is hoe die Skrif daardie

wonderlike tyd beskryf: “En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en *ek het* die siele *gesien* van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:4-6).

Ja, ten spyte van die groot onrus wat vir ons voorlê, volg goeie nuus daarna. God verklaar: “En die Here sal Koning wees oor die hele aarde” (Sagaria 14:9). Die Koninkryk van God sal die mislukte regerings van die afgelope 6,000 jaar vervang. *U* kan ook 'n deel hê in daardie glorieryke toekoms! Kyk hoe beskryf die Skrif die lotsbestemming van getroue Christene: “[U] het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). Getroue Christene wat met Christus se wederkoms opgewek sal word, sal geestelike wesens wees – verheerlikte en onsterflike konings en priesters – wat die

Koning van die konings sal bystaan om die nasies die weg na vrede te leer.

Dit is 'n ongelooflike toekoms wat God aan vandag se getroue Christene belowe! Die toekoms ná die Derde Wêreldoorlog sal glorieryk en opwindend wees! God openbaar daardie wonderlike tyd in baie profesieë wat die millennium uitbeeld. Neem die volgende in ag: “Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejebel” (Jesaja 35:1-2). Verder: “... want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies” (verse 6-7).

God sal nie slegs die land vernuwe en herstel nie, maar Hy sal ook brose mense van al hulle siektes genees. “Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas. Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos. Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel” (verse 3-6).

Daar is hoop vir die toekoms – en in besonder vir *u* toekoms! Jesaja beskryf die lewe gedurende die komende

Millennium: “Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel

by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seabodem oordek” (Jesaja 11:6-

9).

Vandag se Christene is geroepe om 'n deel te wees van daardie wonderlike tyd ná die Derde Wêreldoorlog. Bly u naby u Verlosser, en berei u uself voor terwyl u waak en bid vir Sy wederkoms? **WvM**

Die Dier van Openbaring

Waarheen lei wêreldgebeure? Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak? Presies wie – of wat – is die DIER? Gaan u sy berugte MERK ontvang? Die ongelooflike ANTWOORDE word hier gegee!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 7 – Hoe sou Jesus vir 'n President stem?

Wat sou Jesus gedoen het in die Amerikaanse verkiesingsjaar? Hy sou so besig gewees het met die verkondiging van die **goeie nuus** van die naderende Koninkryk van God dat Hy geen tyd sou hê vir die politiekery, stemmery of deelname aan enige groepe wat sou druk uitoefen om Satan se wêreld op te ruim nie. Hy sou weet dat – alhoewel hulle dit meestal goed bedoel – menslike pogings om hierdie wêreld te red gedoem is tot mislukking, omdat hulle onder Satan se mag en deel van sy stelsel is, dit wat God Self “Babilon” noem (Openbaring 14:8). Hy sou weet dat dit God die Vader is wat volgens Sy Eie wil, konings in posisies aanstel en hul weer daarvan onthef, om Sy doel op die aarde te volbring (Daniël 2:21). Dit word nie van Christene verwag om God se wil

in hierdie sake uit te daag, of om dit selfs teen te staan nie.

Die missie en roeping van alle ware Christene is om te help om die weg voor te berei – as gesante in die voorhoede – vir die koninkryk van God, die **letterlike regering** wat die lewende Jesus Christus binnekort sal vestig. Dit sal al die misleide menslike regerings van hierdie aarde vervang. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!” (Openbaring 11:15).

Namate die spesifieke eindtydse gebeure wat in die Skrif – God se geïnspireerde Woord – geprofeteer is, besig is om rondom ons gestalte aan te neem, behoort ons deeglik te

verstaan dat Christus se naderende regering **werklik is!** Namate die Amerikaanse dollar skerp in waarde daal, namate Amerikaanse en Britse aansien reg rondom die wêreld voortgaan om af te neem en die Almagtige God voortgaan om ons “trotse mag [te] **verbreek**” (Levitikus 26:19), behoort ons te besef dat Christus **werklik spoedig sal kom!** Ons behoort ook **intense** begrip te hê dat **alles rondom** ons binnekort gaan **verander!** Indien ons werklike fokus op **daardie oorheersende faktor is**, sal ons uiteindelik “al ons kragte inspan” in ons voorbereiding om oorwinnaars te wees (Openbaring 2:26), om ons deel te doen namate ons voorberei om die terugkerende Jesus Christus werklik by te staan om oor hierdie aarde te **heers** – volgens *God se manier!* **WvM**

Môre se Jeug

“Hy gee aan Sy bemindes slaap”

Deur Phil Sena

Tieners se lewens kan tot oorlopens toe vol wees van aktiwiteite – skool, atletiek, verhoudings, deeltydse werk, kerkbywoning, gesinsverpligtinge en persoonlike stokperdjies. Met meer onafhanklikheid en geleenthede vir buitemuurse aktiwiteite kan die tienerjare opwindend wees, maar baie besig. Dit is egter gedurende hierdie jare dat ons die grondslag lê vir baie gesondheidsgewoontes wat ons as volwassenes sal beïnvloed.

Te midde van die druk en versoeking om deel te neem aan so baie aktiwiteite, met so min beskikbare tyd, is een van die eerste dinge wat baie tieners opoffer, hulle slaap. Nogtans is slaap – tesame met 'n gesonde dieet en gereelde oefening – een van die mees belangrikste, maar oor die hoof gesiene faktore vir die handhawing van goeie algemene gesondheid. Wanneer tieners slaap opoffer om tyd te maak vir hul baie ander verpligtings, loop hulle die risiko om 'n hoë prys te betaal met swak gesondheid. Die Bybel is gevul met vermanings om **geestelike** sluimering te vermy, maar dit beteken nie dat Christene hulself die gereelde **fisiese** rus wat hul liggame nodig het, moet ontnem nie.

Dus, terwyl nog 'n skooljaar begin vir miljoene tieners regoor die wêreld, is dit goed om die

belangrike rol wat slaap in die gesondheid van jong manne en vroue terwyl hulle groei speel, in ag te neem en om bewus te wees van die gevare wanneer hierdie belangrike aspek van gesondheid verwaarloos word.

‘n Tyd van verandering

Die tienerjare is 'n tyd van verandering – in bykans elke opsig. Nie net is die jeugjare 'n tyd van fisiese groei en hormonale veranderings as gevolg van puberteit nie, dit is ook 'n tyd wanneer die liggaam se behoefte aan slaap eintlik **verhoog**. Dit is geen wonder dat so baie tieners dit moeilik vind om in die oggend wakker te word nie!

'n Verslag van die Mayo Clinic lui: “Elke mens het 'n interne horlosie wat liggaamstemperatuur, slaapsiklusse, eetlus en hormonale veranderings beïnvloed. Die biologiese en sielkundige prosesse wat volg op die siklus van hierdie 24-uur interne horlosie word sirkadiese ritmes genoem. [Sirkadiese ritmes is fisieke, psigiese en gedragsveranderings wat in 'n siklus van 24 uur voorkom en hoofsaaklik deur lig en donker veroorsaak word]. Voor adolessensie maak hierdie sirkadiese ritmes dat die meeste kinders natuurlik aan die slaap raak so ongeveer 8 of 9 uur in die aand. Puberteit

verander egter die tiener se interne horlosie en vertraag die tyd wanneer hy of sy lomerig begin voel – dikwels tot 11 uur in die aand of later” (*Teen sleep: Why is your teen so tired?*, Mayo Foundation for Medical Education and Research).

Hierdie tendens om later te gaan slaap bots dikwels met 'n tiener se vroeë-oggend skedule om 'n slaap-tekort toestand te skep. Kundiges in verband met slaap glo tieners benodig elke nag 8.5 tot 9 of meer ure slaap. Nogtans het een studie bevind dat net 15% tieners rapporteer hulle slaap 8.5 uur gedurende nagte wanneer dit skool is (*Teens and Sleep*, National Sleep Foundation). Baie tieners sal probeer om “in te haal” vir die verlies aan benodigde weekdag-slaap deur veel later oor naweke “in te lê”, maar hierdie wisselvallige patroon is eintlik nadelig vir die gehalte van 'n tiener se slaap want dit werk teen die natuurlike menslike biologiese horlosie, wat die beste werk wanneer slaap bestendig is (“*How Much Sleep Do I Need?*”, *TeensHealth.org*).

Ons almal weet hoe dit voel om slaap te verloor. Lomerigheid, prikkelbaarheid en gebrek aan konsentrasie is net 'n paar van die mees voor die hand liggende simptome. Baie mense sal verbaas wees om te verneem dat slaapprobleme ook

kan lei tot aknee en gewigstoename, dit kan bydra tot siekte en depressie. Dink hieroor na: "73% van daardie adolessente wat erken het dat hulle ongelukkig, hartseer of depressief voel, het ook aangedui dat hulle snags nie genoeg slaap kry nie en oormatig slaperig voel gedurende die dag" (*Teens and Sleep, National Sleep Foundation*). Verlies aan slaap kan veral gevaarlik wees vir diegene wat 'n motor bestuur of met elektriese gereedskap werk – selfs lewensgevaarlik.

In sommige gevalle kan probleme met slaap bespeur word in bekende afwykings soos vaaksug of slaap-apnee, waarvoor effektiewe behandeling beskikbaar is. Vir ander egter is 'n gebrek aan slaap 'n kwessie van leefstyl. Hoe dit ookal sy, eerder as om 'n slegte slaapgewoonte aan te leer wat dekades van gevolge sal meebring, is die tienerjare die regte tyd om gewoontes en prioriteite te vestig wat 'n grondslag sal lê vir 'n leeftyd van voldoende slaap.

Goeie slaapgewoontes

Slaap is 'n noodsaaklike deel van elkeen se dag. Eerder as om te wag dat dit "net gebeur", kan ons gewoontes kweek wat kan lei tot gesonde en effektiewe slaap. Hier is 'n paar wenke vir meer rustiger slaap (oorgeneem uit "*Common Sleep Disorders in Teens*", *WebMD.com*).

Stel 'n gereelde slaaptyd roetine vas en hou daarby,

selfs oornaweke.

Eet minder suiker. Om suiker voor slaaptyd te eet kan veroorsaak dat u wakker word in die middel van die nag wanneer u bloedsuiker daal.

Vermyn oefening net voor slaaptyd. 'n Goed-geoefende liggaam sal rustiger slaap, maar inspanning net voor slapenstyd kan die liggaam se gereedheid om te slaap vertraag.

Verminder slaapkamer geraas. Oorpluisies help vir sommige mense. Ander vind dat "eentonige geraas" (bv. van 'n waaier, radiosteurnis, of 'n witgeraas masjien) kan help.

Eet kalmerende kos. Dit is bevind dat hoë-koolhidraat kosse (bv. brood, graan, pasta) die brein se serotonien-vlak verhoog wat 'n kalmerende uitwerking het, wat lei tot beter slaap.

Neem 'n warm bad voor slapenstyd, hou u kamertemperatuur daarna koel. Slaap volg gewoonlik die afkoelingsfase in jou liggaam se temperatuur-siklus.

Wees bewus daarvan dat sommige medikasie slapeloosheid kan veroorsaak. Indien u enige medikasie neem, raadpleeg 'n opgeleide mediese praktisyn vir raad oor hoe dit u slaap-wakkerwees siklus mag beïnvloed.

Draai harde musiek of

helder lig sagter (bv. rekenaarskerms) wanneer u gereedmaak vir die bed.

Wanneer u in die oggend wakker word, stel uself so gou as moontlik aan helder lig bloot. Lig se in "wakkerword-tyd" na die brein.

Handhaaf gemoedsvrede. Sorge en bekommernisse kan inmeng met gesonde slaap. Meditasie, gebed en ontspanningstegnieke voor slaaptyd kan nuttig wees.

Die sleutel tot die ontwikkeling van goeie slaapgewoontes is om slaap 'n prioriteit te maak. Dit is noodsaaklik om die druk te weerstaan om te veel gemoed te wees met ander aktiwiteite ten einde hierdie noodsaaklike hulpbron vir gesondheid in die jong dae en latere lewe te beskerm. Gewoontes wat gevestig word in die besige tienerjare sal makliker wees om vol te hou in latere jare vir baie komende dekades.

Moet God nie oor die hoof sien nie!

Ons behoort dus te besluit om geestelik wakker en waaksaam te bly. Ons moet God heel eerste stel – heel voor die baie aktiwiteite wat ons in die versoeking mag stel om terug te sny op ons slaap. Eintlik is goeie fisiese slaap 'n noodsaaklike hulpmiddel om geestelik wakker te bly! Wanneer ons goed uitgerus is, kan ons meer effektief fokus op ons Bybelstudie asook sinvol op God

Vervolg op bladsy 26

Die wêreld na Amerika

Deur Rod McNair

'n Antieke verhaal onthul die toekoms van ons moderne nasies.

Die geluid van voetstappe weerklink regdeur die tronk toe onverwagte besoekers die deur nader. Die gevangenes kon gedempte stemme daarbuite hoor. Skielik swaai die deur oop en die wagte kyk vinnig rond. Hulle gryp een van die gevangenes – 'n man van omtrent 30 jaar oud – en haas met hom uit die sel.

Sodra hulle buite kom, word 'n nuwe stel klere aan die gevangene gegee en word hy aangesê om te bad en te skeer. Terwyl hy hiermee besig was, het sy gedagtes vinnig gewissel. Waar neem hierdie manne hom heen? Hoekom? Die wagte haas met hom uit die gevangenis, en bring hom voor die koning van Egipte – die magtigste man in die wêreld. Die koning het sy mond oopgemaak om te praat en min het hierdie jong man geweet dat voordat hierdie gesprek tot 'n einde sou kom, sy *lewe vir ewig sou verander*.

Die man was Josef, die koning was Farao. Josef se broers het hom 13 jaar vroeër as 'n slaaf verkoop, toe hy net 17 jaar oud was (Genesis 37:25-36). Nadat hy valslik beskuldig is dat hy sy meesterse vrou aangerand het, is Josef in die tronk gegooi (Genesis 39:20), net om jare later vrygestel te word onder verstommende omstandighede.

Duisende jare later is dit nog steeds skokkend om te dink aan

die wreedheid wat Josef verduur het. Ons kan nogtans inspirasie daaruit put wanneer ons beseef hoe God hom gehelp het om swaarkry te oorkom, die wysheid en krag van God se plan om Josef se mense en die hele volk van Egipte te red. Daardie plan het afgehang van Josef se gewilligheid *om hom getrou, in geduld en vertrou, aan God se wil te onderwerp*.

In die verhaal wat in Genesis opgeteken is, vind ons dat Josef skielik vrygelaat is deur Farao na 13 jaar van slawerny en tronkstraf. Hy was onverwags verhef tot die tweede hoogste amp in die magtigste regering van daardie tyd. Hoe het dit gebeur?

Farao se gemoed was versteur deur ontstellende drome. Een daarvan het sewe siek koeie wat sewe gesonde koeie opeet, behels. Die tweede droom behels sewe en verskroeiende maer koringare wat sewe vet en mooi are verslind (Genesis 41:1-7). Die koning se skinker het Josef geken as 'n vertolker van drome, hy het Josef na Farao gebring. Hier is Josef se uitlegging: “Die droom van Farao is een en dieselfde. Wat God van plan is om te doen, het Hy aan Farao te kenne gegee. Kyk, daar kom sewe jare van groot oorvloed in die hele Egipteland; maar daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek, en al die

oorvloed sal in Egipteland vergeet word, en die hongersnood sal die land verteer” (Genesis 41:25, 29-30).

Josef het voorgestel dat 'n wyse en pligsgetroue bestuurder aangestel word om graan in te samel ter voorbereiding vir die droë jare. Farao het Josef gekies vir hierdie belangrike taak en so die grondslag gelê om Egipte en die omliggende nasies te red van ondergang (Genesis 41:56-57). Egipte het floreer onder die bestuur van Josef, dus so die “uitlener as 'n laaste uitweg” geword gedurende 'n baie moeilike tyd. God het ook Egipte se welvaart gebruik om Josef te herenig met sy broers wat van Kanaän na Egipte gekom het, op soek nagraan (Genesis 42:1-3).

Hierdie opgang van gevangenisskap na mag is vandag, 3,600 jaar later, nog steeds verstommend! Dit getuig van God se krag om nie net gesinne en stamme te bewaar nie, maar wel ook hele nasies. Wat kan ons dus leer uit Josef se opgang na mag? Wat het uiteindelik gebeur met Josef se gesin? Kan ons sy afstammeling deesdae identifiseer? Alhoewel Josef uitgestyg het, is sy nageslag bestem vir 'n val?

Josef se toekoms geprofeteer

Nadat Josef herenig is met sy broers, het hy sy vader Jakob,

wie se naam verander is na Israel, laat haal (Genesis 32:28). Wat 'n vreugdevolle reünie moes dit nie gewees het met die vader wat hy vir dekades nie gesien het nie! Jakob het daarna sy seuns byeengeroep om hulle mee te deel wat met hulle eindtydse afstammeling sal gebeur: “Daarna het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wederveraar” (Genesis 49:1). Die bejaarde patriarg het toe 'n profesie gegee oor wat meer as drie millennia later sal gebeur. Terwyl hy onder die inspirasie van God gepraat het, het hy Josef se toekoms beskryf: “Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein, sy takke klim oor die muur” (Genesis 49:22). Met ander woorde, Josef se eindtydse nageslag sou “waterryk” wees en feitlik oorloop met voedsel.

Josef se nageslag sou ook militêr magtig wees, wat deur God se krag, beslissende oorwinnings sou behaal (Genesis 49:23-24), hulle sou ook ryke seëninge verkry, meer as dié van ander volke (Genesis 49:25-26). Jakob het ook 'n spesiale seën oor twee van Josef se seuns – Manasse en Efraim – uitgespreek en gesê: “Hy [Manasse] sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer [Efraim] groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word” (Genesis 48:12-19).

Die meeste mense neem

aan dat Efraim en Manasse – ook die ander stamme wat weggebreek het van Juda in die dae van Rehábeam – “verlore” geraak het nadat hulle gevange geneem is deur antieke Assirië in 721 v.C. (2 Konings 17:5, 23). Tog het Jesus Christus Sy dissipels gestuur om te gaan preek vir die “verlore skape van die huis van Israel” (Mattheüs 10:06). Alhoewel hulle verstrooi was, het Christus en Sy dissipels geweet waar hulle was en hoe om hulle te vind! Die apostel Jakobus het geweet waar die “verlore” stamme was en het sy brief aangehef met die inleiding: “... **aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is ...**” (Jakobus 1:1). Verlore? Glad nie!

Nadat hulle vrygelaat is uit die Assiriese ballingskap het die tien “verlore” stamme van Israel – insluitende die stamme van Efraim en Manasse – na Wes-Europa verhuis. Die stam van Efraim het uiteindelik bestaan uit Groot-Brittanje en meeste van die Britse Gemenebes-lande. Manasse word vandag geïdentifiseer as die Verenigde State van Amerika. (Om meer te leer oor hoe die Skrif en die geskiedenis die moderne identiteit van hierdie twee stamme vasgestel het, bestel gerus ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*)

Josef se vrygewigheid

Josef se geloof en wysheid – gelei deur God – het 'n belangrike rol gespeel in die behoud van Egipte en die

omliggende nasies, gedurende die katastrofiese droogte. Hy was deur sy mense as 'n redder beskou, want hy het nie “koring teruggehou” van diegene wat dit nodig gehad het nie (Genesis 47:25; Spreuke 11:26). Josef se beleid – terwyl hy weliswaar Farao se mag bevestig het – was 'n seën vir 'n volk wat baie swaargekry het. Soos die historikus Josefus opmerk: “[Farao] het staatgemaak op Josef, wat die koring aan hulle verkoop het en so onteenseglik 'n redder geword het vir die groot menigte van die Egiptenaars. Ook het hy hierdie mark van koring nie net vir die mense van daardie land beskikbaar gestel nie, maar vreemdelinge het ook die vrymoedigheid gehad om te koop, Josef wou hê dat alle mense, wat van nature verwant is aan mekaar, hulp moet ontvang van diegene wat in vreugde geleef het” (*Antiquities of the Jews*, VI. 3).

Josef was 'n voorstander van 'n vryemark wat toeganklik is vir almal wat kos nodig het. Sy werke en beleid was 'n seën! Die Skrif openbaar dat Josef se eindtydse afstammeling – ten spyte van hulle sondes en swakhede – volgens profesie 'n soortgelyke voordelige impak op die wêreld sou hê. God beloof aan Abram: “En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek” (Genesis 12:2-3). Dink daaraan dat, as begunstigdes van die wêreldwye ekonomiese stelsel,

aangevuur deur die Westerse nasies, baie lande verbasend gegroei het in die afgelope jare: “In 2006 en 2007 het 124 lande teen 'n koers van 4% of meer gegroei. Dit sluit meer as 30 lande van Afrika in, twee-derdes van die vasteland” (*The Post-American World*, Zakaria, bl. 2).

Die gesamentlike uitwerking wat Amerika en Groot-Brittanje – die moderne afstammeling van Josef – op die wêreld-ekonomie gehad het, is niks minder as verstommend nie: “Vir byna drie eeue is die wêreld onderskraag deur die teenwoordigheid van 'n groot liberale heerser – eerstens Brittanje, en daarna Amerika. Hierdie twee supermoondhede het gehelp om 'n vrye wêreld-ekonomie te skep en in stand te hou, terwyl hulle handelsroetes en seelane beskerm het, asook in die laaste instansie opgetree het as uitleners, terwyl hulle die reserwe geldeenheid behou en in die buiteland belê het, asook hul eie markte oopgehou het. Hulle het ook die militêre ewewig gehandhaaf teen die groot aanvallers van hul tye, van Napoleon se Frankryk, tot Duitsland, tot die Sowjet-Unie” (*ibid.*, bl. 45). God het hierdie twee seuns van Josef gebruik om die welvaart te skep waarmee ons vandag geseën is.

Betreffende Amerika vandag, skryf Zakaria: “Ten spyte van sy misbruik van mag, was die Verenigde State die skepper en onderhouer van die huidige orde van 'n vryemark en demokratiese regering – 'n stelsel wat heilsaam en voordelig was vir die oorgrote

meerderheid van die mensdom” (*ibid.*, bl. 45). God *het* Amerika geseën! Ten spyte van sy vele, toenemende sondes, is God lankmoedig en genadig. Die hele wêreld het baat gevind as gevolg van God se seëninge oor Israel.

Is daardie seëninge besig om tot 'n einde te kom? Is God se geduld met Amerika se toenemende ongehoorsaamheid besig om tot 'n einde te kom? Wat hou die toekoms in vir 'n post-Amerikaanse wêreld?

Die lewe ná Josef

Josef het 110 jaar lank geleef (Genesis 50:26). Na sy dood het 'n nuwe Farao Josef se beleid van welwillendheid beëindig, die Israëliete is onder dwangarbeid geplaas, uit vrees vir hul toenemende sterkte en getalle. Opsigters is oor die Israëliete aangestel. 'n Voorspoedige en lewenskragtige samelewing het verval in slawerny en dwangarbeid.

Kon hierdie 'n voorafskaduwing wees van die lot van Josef se nakomelinge? Skrywers, kommentators en selfs politici bespreek vandag dikwels die “verval van Amerika”. Baie mense regoor die wêreld verwelkom die vooruitsig dat Amerika “verneder” moet word – om nie langer 'n leier te wees nie, maar eerder 'n gelyke vennoot op die internasionale toneel.

Sommige mense aanvaar naïef dat, selfs met Amerika wat besig is om agteruit te gaan, die meeste van die seëninge waaraan die Westerse wêreld

gewoond geraak het, sal voortgaan. Tog kan niks verder van die waarheid af wees nie! Soos skrywer en historikus Robert Kagan uitwys: “Amerikaners wil sekerlik graag glo dat ons gekose orde voortbestaan omdat dit reg en regverdig is – nie net vir ons nie, maar vir almal. Ons aanvaar dat die triomf van demokrasie die triomf is van 'n beter idee, die oorwinning van markkapitalisme die oorwinning is van 'n beter stelsel, ook dat beide onomkeerbaar is ... Indien en wanneer Amerikaanse mag afneem, sal die instellings en norme wat Amerikaanse mag ondersteun het, ook afneem ... **Ons mag dan ontdek dat die VSA 'n noodsaaklikheid was om die huidige wêreldorde bymekaar te hou en dat die alternatief vir Amerikaanse mag nie vrede en harmonie was nie, maar chaos en rampspoed**” (“*Why the World Needs America*”, *The Wall Street Journal*, 11 Februarie 2012).

Sal Amerika se toekoms dus een van vrede en orde wees, of chaos en rampspoed? Die antwoord kan gevind word in u eie Bybel! Dink aan die Bybelse beginsel dat God Israel beloon het met rykdom en belangrikheid as 'n beloning vir gehoorsaamheid, maar dat in tye van opstand, Israel geteister is deur toenemende vloeke, toenemende siektes, omgewingsrampe en militêre terugslae (Deuteronomium 28:1-25). Deur middel van Moses het God gewaarsku dat wanneer sonde in Israel begin toeneem, sy

voormalige posisie van wêreld-ekonomiese leierskap sal plek maak vir versmorende skuld en ekonomiese ondergeskiktheid (Deuteronomium 28:44). Nadat Israel in ballingskap gegaan het in 721 v.C., is God se beloftes van seën uitgestel vir sewe profetiese “tye” – 2,520 jaar (Levitikus 26:18) – nogtans, selfs nadat die seën in geheringestel was, het Efraim en Manasse dit verkwis deur voortdurend ongehoorsaam te wees aan hul Skepper.

Is die Amerikaanse kultuur besig om te beweeg na groter vroomheid, of erger losbandigheid? Dink daaraan dat Amerika vandag 'n politieke stelsel het wat vol geveinsdheid en hebsug is. Sy strate en stede raak toenemend gevaarlik. Baie van sy kinders word groot sonder sedelike standaarde of leiding. God se wette word bespot en verban uit die openbare areas. Die industrie van vermaak bespot Christelikhed openlik, terwyl sy media onsedelikheid onderskryf en bevorder. Miljoene mense het nou sover gekom om onbeteuelde hebsug en selfsug te aanvaar as “die Amerikaanse lewenswyse”.

Waar sal dit egter heen lei? Moses het gewaarsku dat indien eindtydse Israel sou weier om hulle te bekeer, hul *'n volledige en algehele ineenstorting sal beleef, wat tot nasionale slawerny sal lei!* Let op na sy waarskuwing vir Israel: “Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles

gedien het nie, sal jy jou vyand wat die HERE teen jou sal stuur, dien in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles; en hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het” (Deuteronomium 28:47-48).

Tensy dit 'n dramatiese verandering van rigting inslaan, **sal** Amerika ondergaan. Jesus Christus waarsku ons oor 'n tyd wat kom, bekend as die “Groot Verdrukking” (Mattheüs 24; Markus 13; Lukas 21). Dit is ook 'n tyd bekend as 'n “tyd van benoudheid vir Jakob”, wanneer Israel weer in ballingskap sal gaan (Jeremia 30:7). Die geprofeteerde “Dier”-moondheid sal moderne Israel aanval en oorwin, net soos sy antieke voorganger, Assirië, in 721 v.C. gedoen het. Hierdie “Dier”-moondheid sal kragte saamsmee met 'n groot vals kerk en vir 'n kort tydjie sal hierdie godsdienstige-politieke mag voorspoed bring vir nasies oor die hele wêreld (Openbaring 18:11-15).

Hierdie welvaart sal nogtans kom teen 'n verskriklike prys. Hierdie kortstondige, lasterlike wêreldmoondheid sal streng regeer en totale oorgawe aan sy wil vereis (Openbaring 13:1-8). Godsdienstige en persoonlike vryheid, wat vandag as vanselfsprekend aanvaar word in baie lande, sal verdwyn (vers 15). Kort voor Jesus Christus se wederkoms sal hierdie moondheid 'n verwoestende vyf maande militêre optrede uitvoer, soos beskryf in Openbaring 9:5-12. Dit sal 'n verwoestende teenaanval uitlok van 'n 200-

miljoen-man sterk leër vanuit die Ooste (verse 15-18).

Hierdie eindtydse ontbranding sal onteenseglik lei tot 'n kernoorlog wat een-derde van die planeet se bevolking sal doodmaak. Die wêreld sal gebring word tot op die rand van totale uitwissing. Was dit nie vir Christus se wederkoms na die aarde nie, *sou geen vlees gered word* nie (Mattheüs 24:22). God, in Sy genade, sal egter nie toelaat dat die mensdom hulself vernietig nie. Jesus Christus sal terugkeer na die aarde, Sy Koninkryk vestig en met billikheid en geregtigheid vir 'n duisend jaar lank regeer (Openbaring 20:06). *Dit sal egter nie gebeur voordat die wêreld deur 'n tyd van ongekende rampspoed gegaan het nie* (Mattheüs 24:21).

Verneder vir grootheid

Kan ek en u dus die toekomstige gruwels van die Groot Verdrukking en die Dag van die Here gespaar word? Die bemoedigende antwoord is 'n volstreekte “Ja!”

Kyk weer na die voorbeeld van Josef. As 'n jong man het hy 'n buitengewone vermoë en dryfkrag tot sukses getoon. Dit kon opgemerk word in sy diens aan Potifar asook in sy werk vir die tronkbewaarder (Genesis 39:2-3, 5, 21-23). Selfs voor Josef se verblyf in Egipte, het God aan hom spesiale drome gegee wat sy uiteindelijke leierskapsrol oor sy broers voorspel het (Genesis 37:5-11). Josef het nogtans nog baie gehad om te leer voordat hy

gereed was om die leisels van mag oor te neem. God moes hom toets en leer. Hy het toegelaat dat Josef verneder, sy hoogmoed en ydelheid onderdruk word! Met elke dag wat verbygegaan het, namate Josef getrou gehoorsaam was aan God, het hy geleer om *geduldig te vertrou op God en Sy wil*. Hy het 'n man geword wat God kon gebruik in die hoogste vlakke van die regering in die grootste nasie van sy tyd.

Die dringende roeping vir ons vandag is duidelik. Indien ons ons Verlosser, Jesus Christus, liefhet, behoort ons daarna te streef om Hom en Sy wette te gehoorsaam (Johannes 14:15). Insteede daarvan om op ons eie vernuf en krag staat te maak, moet ons eerder na Hom opsien vir ons seëninge (Deuteronomium 8:18). Ons moet werklik God se wil eerste plaas, sonder voorwaardes, soos Jesus Self gedoen het (Mattheüs 26:39).

Is ons werklik bereid om

verootmoedig te word, soos wat Josef was? Dit is die hoogste toets! Die profeet Maleagi skryf: “Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees ...” (Maleagi 4:1). Jesus Christus het aan sy volgelinge gesê: “En hy wat op hierdie steen val [in opregte en algehele bekering], sal verpletter [of gebreek] word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel” (Mattheüs 21:44). God het groot beloftes gemaak aan vandag se Christene – selfs dat hulle in Sy Koninkryk saam met Hom sal regeer (Openbaring 20:6). Ons behoort eerstens, soos Josef, *absoluut verbonde te wees aan die wil van God in ons lewens!*

Die apostel Johannes skryf: “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle

ongeregtigheid te reinig” (1 Johannes 1:8-9). Nou is die tyd vir diegene wat “ore het om te hoor” om hulle te bekeer (Mattheüs 13:09). Selfs in hierdie laaste dae, belof God hulp en verlossing aan diegene wat Hom heelhartig soek.

Die Amerikaanse era sal binnekort eindig, soos die Bybel voorspel. Moenie toelaat dat die ondergang van Amerika u verras nie! Jesus Christus het 'n bemoedigende opdrag gegee oor hoe ons die komende onstuimige tye tegemoet kan gaan met moed en geloof: “Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie ... Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:34-36). Maak seker dat u en u geliefdes gereed is vir die wêreld ná Amerika! **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Is demokrasie die antwoord?

Goddelike regering vir ewig

Christene in vandag se wêreld behoort onderdanig te wees aan die heersende gesag (Romeine 13:1; Titus 3:1). Hulle sien egter ook uit na die vinnig naderende Koninkryk van God, 'n werklike wêreldregering wat op die planeet Aarde sal regeer. Hulle bid vuriglik vir daardie koninkryk om te kom (Mattheüs 6:10). Daardie regering sal nie wat ons vandag demokrasie of diktatorskap noem toepas nie. Nog minder sal dit “boetie-boetie

kapitalisme” of “staatsosialisme” bedryf. In plaas daarvan sal die toekomstige Koninkryk van God 'n teokratiese monargie wees met die terugkerende Jesus Christus wat sal heers as Koning van die konings en Here van die here (Lukas 19:11-19; 1 Korinthiërs 6:2; Openbaring 2:26-27; 11:15; 19:16). Soos hierbo aangedui sal vandag se getroue Christene, diegene wat in hierdie tydperk aan hul Verlosser getrou gehoorsaam was, hulle wat geleef het

volgens Sy wet wat in hulle harte geskrywe is (Hebreërs 10:16), onder Hom regeer (Openbaring 1:6; 5:10). Hulle sal goddelike regering en regverdige aanbidding leer aan alle mense (Jesaja 30:21; Miga 4:2)! Dit sal 'n tyd wees wanneer Jesaja 9:6 bewaarheid sal word: “... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde”. Mag God daardie dag bespoedig! **WVW**

Hitte, hamer, aambeeld

Deur Charles Knowlton

Terwyl ek 'n jongeling was het ek en my gesin naby 'n smidswinkel gewoon. Die smid was 'n man wat opgelei was om 'n stuk metaal te neem, dit te verhit, te klop en te verkoel – om sodoende nuttige en handige artikels te vervaardig. Sy gereedskap was eenvoudig, sy krag was baie en sy oog was skerp. Die smid se gereedskap was min: 'n Hamer, aambeeld en vuurherd. Sy vuurherd was gebruik om hitte te produseer, sy aambeeld was 'n groot stuk soliede metaal om met die hamer daarop te slaan. Hy het 'n noodsaaklike diens verrig vir die plaaslike gemeenskap. Wat hy ons geleer het, is vandag steeds toepaslik.

Die proses om goeie produkte van metaal te vervaardig kom baie ooreen met die proses om goeie karakter te bou. Een is 'n fisiese proses, die ander 'n geestelike proses. Die “materiaal” waarmee gewerk word is verskillend, maar die proses is baie dieselfde. Smedery maak 'n volmaakte Bybelse vergelyking.

Die apostel Paulus het aan die Christene in Korinthe gesê: “En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig

dit is” (1 Korinthiërs 3:12-13).

Die grondslag wat hier beskryf word, is karakter, die soorte materiaal wat Paulus opnoem beeld eienskappe wat wissel van die beste tot die swakste uit. Goeie karakter, soos goud, kan getoets word, maar dit sal suiwer en vlekkeloos bly. Swak karakter, daarenteen, soos strooi, sal nie staande bly in die hitte nie.

Teenspoed soos siekte, dood, werkloosheid, gesinsprobleme en “die vuurgloed van vervolging” kan nodig wees om ons karakter te toets (1 Petrus 4:12-13). Hoe ons ons gedra te midde van die hitte en druk van ons beproewings, bepaal ons karakter. Om karakter te bou wat aan God welgevallig is, moet ons getoets en beproef word. Dink aan die Bybelse verhaal van Job, 'n ryk man wat 'n goeie pa was en God erken het, maar wat in sy eiegeregtigheid trots was op sy prestasies. God het Satan toegelaat om Job te stroop van sy aardse besittings (Job 1:12) en om hom later te teister met fisiese siekte en ander lyding.

Dit was nodig dat Job 'n les moes leer, teen die einde van die boek wat sy naam dra, het hy 'n verandering van gesindheid ondergaan: “Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien” (Job 42:5). Job het geleer om 'n meer realistiese en nederige siening van homself te hê, hy het geleer om op God te

vertrou, wat hy voorheen nie gedoen het nie.

Op ons eie manier gaan ons almal deur weergawes van Job se ondervindings. Wanneer ons dit doen, wil God hê ons moet verstaan dat ons beproewings geleenthede is om heilige en regverdige karakter te bou deur die wyse waarop ons reageer. Niemand is vrygestel nie; God gebruik selfs “vurige beproewings” om die karakter en geloof van Sy diensknegte op dramatiese maniere te toets. In die boek van Openbaring gee die apostel Johannes aan ons die vergelyking van fyn goud om God se dienaars wat “lou” en nie “aan die brand” is vir Sy werk nie, te vermaan: “Ek raai jou aan om van My te koop goud wat **deur vuur gelouter is**, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kansien” (Openbaring 3:18).

Die smid van vergange se dae het artikels vervaardig wat sal bly bestaan. God gebruik 'n soortgelyke proses om karakter te bou in sy dienaars. Die Bybel beskryf die vinnig naderende Koninkryk van God, waarin vandag se Christene – wie se karakter vervolmaak is deur beproewings en toetse dwarsdeur hulle lewens – onder Jesus Christus, sal regeer as geestelike wesens. Hierdie veredeling sal nie net

Vervolg op bladsy 26

Waak en waarsku

Is demokrasie die antwoord?

Deur Wyatt Ciesielka

Beweeg die mensdom in die rigting van demokrasie of na diktatorskap – na vryheid of na tirannie? Diegene wat vandag onder 'n demokratiese regering voorspoedig is, kan dankbaar wees, maar is demokrasie die werklike antwoord? **Of**, is daar 'n beter manier?

John Adams, tweede president van die Verenigde State van Amerika, het Virginia se wetgewer John Taylor daaraan herinner: “Onthou, demokrasie duur nooit lank nie. Dit verflou gou, raak uitgeput en vermoor dit self. Daar was nog nooit 'n demokrasie wat nie selfmoord gepleeg het nie” (brief gedateer 15 April 1814).

Beweeg ons wêreld in die rigting van 'n toekoms van groter demokrasie? Of, beleef ons die begin van demokrasie se ondergang? Huidige ontwikkelings in Europa sinspeel op die ontstaan van 'n tien-nasie blok van toonaangewende lede vanuit die huidige Europese Unie (“10 Countries for a United States of Europe”, *PressEurop*, 20 Junie 2012). Beteken dit dat Europa vinnig beweeg na 'n kern van “tien konings” (koninkryke of nasies) soos beskryf in Daniël 2:33; 41-43)?

Demokrasie in beroering

Massiewe geopolitieke verandering is aan die gang. Die Amerikaanse presidensiële

verkiesingsveldtog het oorgeskakel na “hoogste versnelling”. Regoor die Arabiese wêreld sukkel nasies vanaf Libië tot Egipte om demokratiese en Islamitiese impulse met mekaar te versoen. Dit lyk of die nuutverkose Egiptiese President, Mohammed Mursi, in 'n magstryd gewikkel is met die verskanste Egiptiese heersende weemag (*BBCNews*, 10 Julie 2012). Libiese politici flikflooï vir vroue se stemme (*The Guardian*, 7 Julie 2012). Bloed vloei nog steeds in Sirië (*BBCNews*, 12 Julie 2012). In Europa dryf Duitsland Europa na groter eenheid, ten koste van individuele nasies se soewereiniteit (*Reuters*, 10 Julie 2012).

Wat van die Arabiese wêreld? Namate groepe soos die Moslemse Broederskap verrys na dominansie en hulstryd voortsit deur die hele Midde-Ooste, sien ons die opkoms van demokrasie, of die inluiting van nuwe diktatorskappe? Dink aan Egipte. Is die konflik tussen die Moslemse Broederskap en die verskanste leierskap van die weermag (*BBCNews*, 10 Julie 2012) 'n voorbeeld dat die Arabiese wêreld na “Westerse-styl” oop demokrasie beweeg, of na 'n Islamitiese kalifaat? Diegene wat die “Arabiese Lente” en die

sogenaamde “opkoms van demokrasie” in die Arabiese wêreld verwelkom het, sien nou die opkoms van demokraties verkose regerings wat verkondig – soos die Moslemse Broederskap – dat hulle *Sharia* wet (Moslem-teokratiese) vir hulle nasies wil hê (*Reuters*, 5 April 2012)!

Die antieke Griekse filosoof Plato het befaamd gewaarsku: “Tirannie ontstaan van nature uit demokrasie; en die mees grofste vorm van tirannie en slawerny ontstaan uit die uiterste vorm van vryheid” (*The Republic*, Boek VIII). Is sy waarskuwing in die kol? Of – hetsy in Amerika, Europa, die Arabiese nasies of elders – is dit besig om in ons moderne wêreld te gebeur?

Toekomstige regering

Deur die Skrif openbaar God dat daar 'n beter vorm van regering aan die kom is, beter as diktatorskappe, die sosialistiese republieke, die kommunistiese kollektiewes – selfs beter as demokrasie wat, soos Eerste Minister Winston Churchill in November 1947 dit so skitterend aan die Britse Laerhuis gestel het, “... die slegste vorm van regering is, behalwe al die ander wat alreeds probeer is”.

Die Skrif openbaar dat nóg Sharia, nóg demokrasie, nóg diktatorskap, nóg anargie, die toekoms is wat God vir die hele

mensdom beplan het. Die goeie nuus is dat die Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God 'n belangrike boodskap insluit aangaande 'n toekomstige billike en regverdige regering! Wat presies is God se benadering egter tot regering? *Regering* is 'n integrale deel van die ware Evangelie-boodschap! Watter tipe van regering behels die “Evangelie van die Koninkryk van God” eintlik? Jesus het gekom om “die evangelie van die *koninkryk* van God” te verkondig (Markus 1:14-15). Die woord “koninkryk” (van die Griekse woord *basileia*) beteken *regering*. Die evangelie-boodschap wat Jesus gebring het, was oor die toekomstige *regering* van God – wat op hierdie aarde gevestig sal word met Sy wederkoms (Openbaring 17:14). Die terugkerende Jesus Christus sal nie demokraties verkies word nie. Inteendeel, op daardie tydstip, sal die “koninkryke” van hierdie wêreld Syne word, Hy sal as hul Koning heers vir altyd (Openbaring 11:15). Een wonderlike, maar dikwels oor die hoof gesiene faset van God se plan is dat vandag se getroue Christene wat die wil van die Vader doen nie slegs in daardie glorieryke naderende Koninkryk sal ingaan nie; God sal hulle ook aanstel om, onder Christus, te heers in daardie komende koninkryk (Openbaring 5:10; 20:6; 22:5) – 'n koninkryk wat gevestig sal word volgens God se regeringsvorm van geregtigheid en liefde, wat regdeur die

duisend jaar van die millennium sal strek (Openbaring 20:4-6) en daarna “vir ewig en altyd” (Openbaring 22:5).

God se woord aangaande regering

Jesus Christus het aan die lig gebring dat die *hele wet van God* gegrond is op twee beginsels: *Liefde tot God* en *liefde tot die naaste* (vgl. Mattheüs 22:36-40). Inderdaad, God se ware natuur word uitgedruk as *liefde* (1 Johannes 4:8, 16). Nie slegs is God se wet gebaseer op liefde nie, Hy en Sy regering is ook *goed* (Mark 10:18), *volmaak* (Psalm 18:31) en *reg* en *geregtig* (Jesaja 9:6). God se “volmaakte wet” (Jakobus 1:25) is *sonder gebrek van enige aard*. Ons weet dus dat God se regering goed, billik, welwillend en regverdig sal wees. Vanaf die Ou Testament tot die Nuwe Testament, tot Jesus Christus se geprofeteerde wederkoms en daarna, sal God se benadering dieselfde wees.

God het self die Ou Testamentiese priesterskap ingestel. Daar bestaan geen twyfel dat hierdie priesterskap ooreflik was nie, dat dit oorgedra is deur diegene wat direk deur God aangestel is na daardie manne wat deur Sy benoemdes gekies is (Numeri 3:10; 1 Samuel 3:10-21; Jeremia 29:26). Let ook daarop dat God Moses aangesê het om die Leviete aan te stel in hul pligte van diens (Numeri 1:50; 3:10). Vanaf Moses se tyd, tot die tyd van Samuel, het Israel onder die

leierskap van aangestelde Hoëpriesters gestaan.

Die Israeliete het Samuel verwerp. God het toe gesê dat hulle Hom eintlik verwerp het (1 Samuel 8:7). Daarna het God vir Saul aangestel in 'n nuwe amp van fisiese koning oor Israel (9:17). Dawid het Saul opgevolg as koning (16:12). Van die baie konings wat gevolg het, was sommige oor die algemeen regverdig en ander was weer oor die algemeen boos.

In die Nuwe Testament, nadat die Heilige Gees beskikbaar gestel is vir Christene, het God voortgegaan om hierdie vorm van aanstelling te volg (Johannes 20:21-22 en Handeling 2:2-4). Let op die keuse van die sewe diakens (Handeling 6:3), en Titus se aanstelling van ouderlinge in opdrag van Paulus (Titus 1:5). God verwag vandag van Sy dienaars om Sy wil, met behulp van die Heilige Gees en deur middel van gebed en vas, te onderskei om te bepaal wie in posisies van leierskap aangestel moet word. God duld nêrens onderdrukking of die misbruik van mag nie. Hy verwag van diegene wat leiers is om *diensknegte* te wees (Markus 10:44) – net soos Hy dit in antieke Israel gedoen het, soos Hy dit tans in Sy Kerk doen en soos Hy dit in die toekomstige Koninkryk van God sal doen. Nêrens in die Skrif kies Hy daardie diensknegte deur politiek, stemmery of demokrasie nie!

Vervolg op bladsy 19

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Wat het Jesus bedoel toe Hy gepraat het van 'n “regte oog” en 'n “verkeerde oog” in Mattheüs 6:22-23 en Lukas 11:34-36? Om te glo in 'n “verkeerde oog” of 'n kyk wat slegte geluk bring, is sekerlik net 'n bygeloof wat in stryd is met die Christelike vermyding van toordery en heidense invloed, of hoe?

ANTWOORD: Hierdie terme was in die Bybel gebruik as figuurlike beskrywings van positiewe en negatiewe gesindhede en hou geen verband met bygelowigheid nie.

Die Hebreuse Ou Testament verwys na iemand wat 'n “regte oog” of 'n “verkeerde oog” het. Vier keer word gepraat van iemand wat 'n verkeerde oog het – in Spreuke 30:17; Deuteronomium 15:9 en in Deuteronomium 28:54, 56. Een keer – in Spreuke 22:9 in die Engelse NKJ vertaling – praat dit van iemand met 'n “regte oog”. Diegene met 'n “verkeerde oog” word uitgebeeld as sou hulle suinig of gierig wees – gefokus op materialistiese gewin vir hulself, eerder as om hul gaste te dien, om die armes te help of selfs om hul gesinslede te help in tye van dringende nood. Diegene met 'n “regte oog” word daarenteen uitgebeeld as vrygewig te wees teenoor die armes.

Hierdie konsepte is oorgedra na die Griekse Nuwe Testament, wat meestal geskryf is deur Jode wie se moedertaal Aramees was en wie vertrouwd was met Bybelse Hebreuse idiome. Een van die dinge wat Jesus gesê het, wat *van binne* die mens kom en die mens *onrein* maak (Markus 7:20-23), is “afguns” (vers 22). Die Engelse *NKJV* vertaal hierdie frase as “*an evil eye*” en ander Engelse vertalings gee dit aan as jaloesie, suinigheid of afguns, maar drie van die vier Afrikaanse Vertalings gee dit aan as “afguns” terwyl die *NLV* dit aangee as “jaloesie”. Terloops, die Griekse teks van Mark 7:22 volg die Griekse Septuagint se *letterlike* vertaling van Deuteronomium 15:9, eerder as sy *figuurlike* vertalings van Spreuke 23:6 en 28:22.

In een van Jesus se gelykenisse (Mattheüs 20:1-16), berispe die eienaar van die wingerd diegene wat kla oor hoe hy sy werknemers betaal, deur te sê: “Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is?” (Vers 15). (Die *Nuwe Vertaling* stel hierdie laaste sin as volg: “Of is jy afgunstig omdat ek goed is?”).

In Mattheüs 6:22-23 en Lukas 11:34-36, neem Jesus egter die begrip van 'n “regte oog” en 'n “verkeerde oog” 'n stap verder as wat Moses en Salomo gedoen het. Die hele konteks van Mattheüs 6:22-23 het te doen met die mens se benadering tot geld en materialistiese dinge (verse 19-34). Kyk nou na Jesus se vermaning: “... maar

maak vir julle skatte bymekaar in die hemel” (vers 20), in daardie lig. Ons haal dikwels hierdie vers aan in die konteks van die gee van tiendes en offergawes aan God – wat Jesus beslis voorstaan (Mattheüs 23:23). Waar Jesus egter oral gepraat het van “skatte in die hemel”, het Hy dit altyd gedoen in die konteks van die gee van aalmoese aan die armes (Mattheüs 19:21; Markus 10:21; Lukas 12:33-34). Die punt is, as ons vrygewig is teenoor God en ons medemens, dan sal ons geestelike oë “reg” wees (dit is, “gesond” in Grieks). indien ons ingestel is op ons eie selfsugtige, materialistiese strewes, sal ons geestelike oë “verkeerd” (“sleg” of “boos”) wees.

Onthou, Jesus se dissipels het *alreeds* God se Werk onder die Ou Verbond ondersteun deur hulle tiendes en offergawes (Deuteronomium 12:6, 17; 14:28). Daardie soort van ondersteuning is oorgedra na die Werk van die Kerk onder die Nuwe Verbond. Nogtans skryf Paulus later: “Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf” (1 Timotheüs 6:17-19). Die Nuwe Vertaling het “sodat hulle die ware lewe sal verkry” wat die betekenis van die Griekse idee effens beter oordra.

Niks word in hierdie gedeelte oor tiendes en offergawes gesê nie; hulle geldigheid word doodeenvoudig *aanvaar*. Onder beide die Ou en die Nuwe Verbond, word ons beveel om *tiendes* te betaal en *mildelik offerandes* aan God te gee. Dit kom finansieel eerste! 'n Mens word egter ook beveel om vrygewig te wees teenoor jou medemens. Hierdie soort vrygewigheid gee 'n mens 'n “regte oog” of 'n “gesonde oog”. Hierdie soort vrygewigheid geld natuurlik in beginsel ook wat 'n mens aan God gee (Maleagi 1:6-14; Spreuke 3:9-10) en aan mens se familie (1 Timotheüs 5:8). Nadat mens voldoen het aan hierdie prioriteite, dan help mens die res van die mensdom, veral “die huisgenote van die geloof” of mede-Christene (vgl. Galasiërs 6:7-10). **WvM**

Profesie neem

Wanneer nasies God verag!

Ons beleef 'n groeiende en toenemend strydende anti-God beweging in nasies wat voorheen daarop aanspraak gemaak het dat hulle "Christene" is – hul wat eens God as die bron van hulle seëninge erken het. Baie "progressiewe" denkers sien hierdie wêreldse beweging as verlig, modern en bevrydend – 'n idee waarvan die tyd uiteindelik aangebreek het. Slegs 'n klein aantal mense, wat hulle Bybels bestudeer, besef dat die Skrif lank gelede die ontstaan van hierdie beweging voorspel het. Bybelse profesieë *wat vandag besig is om gestalte aan te neem* openbaar die *ernstige gevolge* wat daardie mense wat God verag en die lesse van die geskiedenis ignoreer, gaan tref.

Antieke waarskuwings

Nadat God die antieke Israeliete uit hulle gevangenskap in Egipte bevry het deur 'n reeks dramatiese wonderwerke, het Moses hulle gewaarsku: "Neem jou net in ag ... dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie ... en verderflik handel ... en doen wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God ... Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooië en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie ... as jy nogtans die HERE jou God

vergeet en agter ander gode aan loop ... *dat julle sekerlik sal omkom*" (Deutero-nomium 4:9, 25; 8:11-19).

God het aan die Israeliete Sy wette gegee sodat hulle 'n voorbeeld vir die wêreld kon wees (Deuteronomium 4:6-8). Hy het 'n verbond met Israel gesluit – 'n verbond met baie eenvoudige terme. Gehoorzaamheid aan God se wette sou seëninge bring; ongehoorsaamheid aan Sy opdragte sou ernstige gevolge bring (Levitikus 26; Deuteronomium 28).

Nogtans het die Israeliete hulle gedistansieer van God en Sy wette geïgnoreer; hulle het "die woord van die Heilige van Israel verag" (Jesaja 5:24). Die gevolg was dat hulle deur hulle vyande verower en in gevangenskap weggevoer was na Assirië en Babilon. Die tragiese les van die geskiedenis is dat God se uitverkore volk wat veronderstel was om 'n lig vir die wêreld te wees, hulle besondere roeping verag het. Hulle het 'n swaar prys betaal – verowering en vernedering aan die hand van buitelandse vyande.

Nasies wat God verwerp

Gedurende die 1800's het geestelikes van Westelike Europa begin om die Skrif te betwyfel, te ignoreer en selfs belaglik te maak. Hierdie geleerdes – ironies die

afstammeling van die antieke Israeliete wie se Skrifte hulle bespot – is in die besonder gevoed uit twee denkrigtings. Een was die bioloog Charles Darwin se teorie van evolusie, wat aanspraak maak daarop dat mense nie na die ewebeeld van God geskape is nie maar eerder deur natuurlike prosesse ontwikkel het uit "geringer" organismes. Die ander idee was van filosoof Friedrich Nietzsche se astrante bewering dat God dood is, die Bybel 'n mite, die Christelikheid nie meer 'n lewensvatbare geloofstelsel is nie.

Die saad wat deur hierdie wêreldse ateïste geplant is het weer begin uitloop in ons huidige geslag. In Brittanje en Amerika publiseer militante ateïste boeke met titels soos: *The God Delusion*, *God Is Not Great*, *The End of Faith* en DVD's soos *The God Who Wasn't There* – publikasies wat die Christelike geloof en die God van die Bybel kragtig verwerp.

In Amerika, 'n nasie wat gegrond is op die beginsel van geloofsvryheid, vind ons nou organisasies soos "*Freedom from Religion*" wat aktief probeer om enige uitdrukking van die Christelike geloof in die openbaar onwettig te maak. Alhoewel die Bybel homoseksualiteit duidelik verdoem en dit as 'n sonde

gestalte aan

bestempel (Levitikus 18:22; 1 Korintiërs 6:9-10), moedig baie leiers in Westerse nasies homoseksuele gedrag ten sterkste aan as 'n gesonde “alternatiewe leefstyl” en ignoreer dus baie mediese en sielkundige studies wat waarsku teen die potensieel gevaarlike gevolge daarvan.

Die Bybel stel dit duidelik dat God die huwelik ontwerp het om tussen 'n man en 'n vrou te wees (Genesis 2:24). “Progressiewe” politici – en selfs liberale teoloë – bepleit nogtans die wettiging van dieselfde-geslag huwelike en ignoreer God se skriftuurlike instruksies openlik. 'n Australiese lid van die Volksraad wat dieselfde-geslag huwelike aanmoedig, het onlangs beweer dat die wet wat die huwelik beskryf as sou dit tussen 'n man en 'n vrou wees, “geskryf was deur politici en wetgewers *in ink en nie op klip nie*” – 'n spottende verwysing na die Tien Gebooie (*Sky News*, “*MPs to Delay Gay Marriage Vote*”, 18 Junie 2012). In Amerika het die Obama-administrasie geweier om 'n wet van die Kongres te bekragtig wat die tradisionele huwelik beskryf as tussen 'n man en 'n vrou. Hulle het dit verwerp omdat dit volgens hulle “diskrimineer” teen dieselfde-geslag paartjies.

Die huwelik word ook aangeval op ander fronte. Die Bybel stel dit duidelik dat God egskedings haat (Maleagi

2:16). Prokureurs het nogtans “geen-fout” egskedings geskep om die ontbinding van huwelike te vergemaklik. Standaarde van sedelike gedrag wat lank gelede aanvaarbaar was verkummel nou in Westerse sogenaamde “Christelike” nasies. Die Skrif bestempel lieg, steel, owerspel, ontug en dronkenskap as sondige dade, nogtans is hierdie gedrag algemeen onder miljoene mense wat nie meer die woord van God as gesaghebbend beskou nie.

Nasies waar die afstammelinge van God se uitverkore volk nou woon is weer besig om hul te distansieer van God en verag Sy woord, soos Bybelse profesieë lank gelede voorspel het sou gebeur! Die apostel Paulus het gewaarsku dat “die laaste dae” gekenmerk sal word deur arrogante “lasteraars” wat God se woord sal verag, en die apostel Petrus het voorspel dat “spotters” sal kom en die spot sal dryf met die beloftes wat in die Skrif aangeteken is (2 Timótheüs 3:1-5; 2 Petrus 3:1-7). Die profeet Jesaja waarsku dat die tyd gaan aanbreek wanneer die leiers van die Israelitiese nasies “sleg goed [sal] noem en goed sleg” (Jesaja 5:20). Hierdie profesieë beskryf akkuraat wat vandag besig is om te gebeur!

Dae van afrekening lê voor!

Meer as 3,000 jaar gelede

het Moses 'n profetiese waarskuwing aan die Israeliete gerig: “Want ek weet dat julle ná my dood gewis *verderflik* sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, *sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom*” (Deuteronomium 31:29). God het die kinders van Israel gewaarsku, “as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie ... en as julle siel van my verordeninge *n afsku* het sodat julle nie al my gebooie doen nie ... *Ek sal [dan] julle trotse mag verbreek*” (Levitikus 26:14-19). Die straf wat God oor Sy ongehoorsame volke gaan bring, sluit in: Terreur, siekte wat verteer, plaë onder vee, droogtes, hongersnood, natuurrampe, uitbuiting deur ander nasies en verowering deur buitelandse magte. Hierdie rampe is besig om vandag met toenemende snelheid te realiseer in hedendaagse Israelitiese nasies!

Die profeet Jeremia het 'n soortgelyke waarskuwing gerig aangaande toestande wat sal voorkom in Israelitiese nasies aan die einde van hierdie tydperk – net voor die wederkoms van Jesus Christus. Hy beskryf dit as “'n tyd van benoudheid vir Jakob” (Jeremia 30:7). Jakob het twaalf seuns gehad wat die stamvaders is van die hedendaagse Israelitiese nasies (om meer hiervan te leer, vra vir

u gratis kopie van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*) Jeremia beskryf eindtydse Israelitiese nasies as siek nasies gevul met bose praktyke, hy meld: "... aan die einde van die dae sal julle dit verstaan" – wat beteken dat hulle hierdie profesie voor die einde van hierdie tydvak sal verstaan (Jeremia 30:24).

Voordat Moses gesterf het, het hy die Israeliete gewaarsku dat wanneer hulle straf kom, hulle "gou tot niet [sal] gaan" (Deuteronomium 28:20). Hierdie

selfde tema – die *vinnige ondergang* van Israelitiese nasies wat hul van God distansieer en Sy woord verag – word dikwels herhaal deur die profete (Jesaja 9:14; 29:5; 30:13; Jeremia 6:26; 15:8; 18:22; Hosea 10:15). Selfs wêreldse geleerdes maak nou soortgelyke stellings, namate hulle die benarde posisie van Amerika besef – huidiglik nog die wêreld se toonaagewende supermoondheid. Professor Niall Ferguson van Harvard het gewaarsku aangaande die toenemende verwagting van die

"skielike ineenstorting" van die Amerikaanse ryk en dat dit "in die volgende vyf jaar" kan gebeur ("*Historian Warns of Sudden Collapse of American 'Empire'*", *Aspen Daily News*, 6 Julie 2010). Tensy die hedendaagse afstammeling van antieke Israel gewillig is om hul te bekeer en te leer uit die geskiedenis, sal diegene wat verkies om God te verag, toenemend strawwer gevolge ondervind.

—*Douglas S. Winnail*

Vervolg vanaf bladsy 14 – "Hy gee aan Sy bemindes slaap"

se insettinge mediteer. Dit is 'n feit dat om God se woord die heel laaste ding in ons denke te maak voordat ons kop die kussing raak, een van die heel beste slaapgewoontes van almal kan wees. Watter beter manier kan daar wees om die dag mee af te sluit, ook om te

begin voorberei vir die volgende dag, as om God se Woord in ons gedagtes op te neem?

Tieners wat na God opsien vir leiding weet dat Hy die beste vir ons almal wil hê. Hy wil hê dat ons in goeie gesondheid moet verkeer, Hy het slaap tot ons voordeel geskep! "Vir dié wat Hy

liefhê, gee die Here ... hulle slaap" (Psalm 127:2). Ons behoort te leer om slaap te waardeer as 'n positiewe deel van elke dag, nie as 'n las wat ons verhinder om meer te doen nie. **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 20 – *Hitte, hamer, aambeeld*

uithouvermoë tot gevolg hê nie, maar ook skoonheid: "Want U het ons getoets, o God, U het ons **gelouter soos 'n mens silwer louter**. U het ... 'n swaar las op ons heupe gelê ... ons het in die vuur en in die water

gekom, maar U het ons uitgelei in die oorfloed" (Psalm 66:10-12).

God is besig met die vervolmaking van diensknegte deur hulle Sy lewenswyse te leer. Leer meer hieroor deur die

lees van ons boekies soos: *Hervestig oorspronklike Christenskap*, en *Wat is 'n ware Christen?* U kan dit aanlyn lees, dit aflaai, of u eie gedrukte kopieë bestel, alles absoluut gratis. **WvM**

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis moet dra!

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om hierdie verstommende inligting te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:4).

Wanneer enige man of vrou dus probeer om hulself “aan te stel” as 'n “apostel” of aankondig dat hy 'n “profeet” is, **pas op!** God waarsku ons oor en oor: “Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word” (Mattheüs 23:12; sien ook Lukas 14:11; 18:14).

Nie een van ons in hierdie Werk, wat aan u die *Tomorrow's World* se televisie-program en hierdie tydskrif beskikbaar stel, het ooit probeer om homself as 'n “profeet” of 'n “apostel” te verklaar nie. Die woord van God beskryf die “tekens” van 'n apostel as, “*tekens en wonders en kragtige dade*” (2 Korinthiërs 12:12). Nie een persoon wat vandag leef het daardie tipe “tekens” verrig om ware apostelskap of profeetskap aan te dui nie!

Ten slotte wil ek u almal *ten sterkste waarsku* in die naam van Jesus Christus: Aan die einde van hierdie tydvak sal daar 'n “man van sonde” wees (2 Thessalonicense 2:3) wat kragtige “tekens” sal verrig en dit sal gebruik om **miljoene** verwarde mense te mislei binne die leeftyd van die meeste van u! God inspireer die apostel Johannes om hierdie man te beskryf as “'n ander dier” (Openbaring 13:11). Hierdie man sal die

mag van die herleefde Romeinse Ryk gebruik. Hy sal egter **nie** die politieke of militêre leier daarvan wees nie. Hy sal 'n magtige **godsdiensstige** figuur wees wat **miljoene** mense sal mislei! Johannes skryf só van hom: “Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het” (verse 13-14).

“Vuur uit die hemel” in ons hedendaagse tyd?

Ja! Dit sal moontlik nie binne die volgende aantal jare gebeur nie, maar dit **sal** kom binne die leeftyd van baie van u!

Let daarop dat God sê hierdie komende godsdiensstige leier sal die een wees wat skouspelagtige **wondertekens** verrig – en daardeur “*verlei* [hy] die bewoners van die aarde” (vers 14). Onthou God se woord waarsku ons: “En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; *moet* vir die lewendes die dooies *gevra* word? **Tot die wet en tot die getuienis!** As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle *'n volk* wat geen dageraad het nie” (Jesaja

8:19-20). Die “sleutel” is om **enige** belydende apostel of profeet te verwerp wat probeer om u te beïnvloed om u te distansieer van God se wet, of om u aandag af te trek van Sy Werk, wat Christus en die Apostels herhaaldelik verkondig het.

Maak dus seker dat u God se opdrag gehoorsaam: “**Lê jou daarop toe** om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny” (2 Timótheüs 2:15). Namate u “op Christus voed” en God se woord indrink – wat *God se denke* openbaar – sal dit baie moeilik wees om u te mislei! Soos Jesus sê, neem altyd die “vrugte” in ag. Is 'n belydende profeet of apostel opreg **nederig** in sy strewe om sy medemens te *dien* en hulle die *lewensweg* wat gebaseer is op die Tien Gebooie en die bergpredikasie, te leer? Of probeer hy eenvoudig om “aanhangers te verkry” en om mense te lei na idees en begrippe wat *nie Bybels* is nie, of eenvoudig nie ter sake is nie? Leer en beoefen hy die weg van diensbaarheid en nederigheid volgens die voorbeeld wat Jesus

Christus gestel het? Of gebruik hy sy leerstellings om homself te verhef?

Om *u ewige lewe* se ontwil, onthou altyd die apostel Paulus se pragtige een-vers beskrywing van *ware Christelikheid*: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar *Christus leef in my*. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20). Voor u die leerstellings van 'n “profeet” of “apostel” aanvaar, vra uself af: “Word ek deur hom beïnvloed om die ware Christus van die Bybel *Sy lewe* in my te laat *leef* deur die Heilige Gees? Of *skort iets*?”

Wat “skort” mag die verskil wees tussen ewige lewe en ewige dood! Soos Jesus Christus ons beveel: “Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie” (Openbaring 3:11).



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**